# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Paastyd 2025

**Jesus voor Pilatus & ter dood veroordeling**
**Johannes 18:28-40 AFR20**

## Inleiding

Daar is nie hier 'n getuienis oor Jesus se verhoor by Kajafas nie. Miskien het die skrywer nie toegang tot ooggetuienisse van die verhoor gehad nie, of miskien het hy dit uitgelaat omdat dit dieselfde trant gevolg het as by Annas se huis in die vorige verse. Ons weet egter uit die Jode se woorde aan Pilatus dat hulle besluit het Jesus verdien die dood. Daarom bring hulle hom nou voor Pilatus, die goewerneur van Judea. Die Romeine het toegelaat dat die Jode mense volgens hulle eie wette verhoor en straf, maar hulle kon nie die doodsvonnis gee nie. Daarom het hulle vir Pilatus kom vra. Pilatus is egter besorg oor die effek van so 'n optrede op die politieke stabiliteit in Jerusalem, want die Romeine het gereeld probleme met die Jode ondervind en oproeringe het ook veroorsaak dat Romeinse amptenare se koppe kon rol! Die Keiser wou immers net sorg dat die Jode onder beheer bly en belasting betaal. Waarheid en geregtigheid was dus nie die hoogste prioriteit vir Pilatus nie. Hy wou eerder agterkom wat sou gebeur as hy so 'n gewilde en kontroversiële figuur soos Jesus laat kruisig … Indien Jesus 'n rebel was wat probeer het om die Jode van Rome te bevry, sou dit die logiese opsie wees om die rebellie in die kiem te smoor deur Jesus te laat kruisig en vrees vir Romeinse mag in te boesem.

# Paastyd 2025

Indien nie, sou dit die gevaar inhou dat die Jode juis opstandig kon raak omdat hy 'n onskuldige persoon laat kruisig! In hierdie gesprek probeer die Jode hom dus oortuig dat Jesus 'n 'moeilikheidmaker' is wat verdien om gekruisig te word. En Pilatus probeer vasstel wat regtig aan die gang is voordat hy 'n ingeligte keuse maak ten goede van die Romeinse regering.

## Bespreking

Die Skrifgedeelte open met 'n stukkie ironie oor die Jode se wetsgetrouheid terwyl hulle eintlik probeer om die Here te kruisig. Volgens die Fariseërs se interpretasie van die Joodse reinheidswette, moes hulle ook nie eers in die teenwoordigheid van nie-Jode kom indien hulle rein wou bly vir die aanbidding nie. Nou was hulle bang dat die Romeinse pretorium hulle sal besmet terwyl hulle juis hierheen gaan om Pilatus te vra vir geregtigheid.

- Pilatus vra vir 'n aanklag teen die man en hulle antwoord baie vaag deur hom as 'kwaaddoener' voor te hou. Op watter manier wys dit hulle ware gesindheid teenoor die Wet van God en sy geregtigheid?
- Bespreek die ironie: De Jode wil rein bly om die Pasgamaaltyd te eet, maar die werklike Paaslam oorhandig hulle aan die Romeinse owerhede.
- Jesus word elders beskryf as die Paaslam. So 'n lammetjie moes onbesmet en sonder gebrek wees en hy is geslag sodat Israel bevry kon word uit slaverny in Egipte. Wat is dus die betekenis vir ons dat Jesus die ware paaslam geword het? Waarvoor is Hy 'geslag' en waarvan bevry Hy ons?

# Paastyd 2025

Vers 32 eggo Johannes 12:32-36 waar Jesus sy komende kruisiging vergelyk met die slang wat Moses in Numeri 21:9 op 'n paal sit sodat elkeen wat daarna kyk genees sal word van die siekte wat hulle getref het. Omdat dit die gebruik van die Romeine was om mense te kruisig, 'n publieke metode wat aspris die slagoffers se lyding aan die wêreld ten toon gestel het, het hierdie gebeure gesorg dat Jesus sou sterf op 'n manier wat die hele wêreld dit kon sien en mense na Hom toe getrek sou word.

Die Jode kom na Pilatus met hul eie redes en belange op die hart. Pilatus probeer die saak hanteer volgens sy eie en die Romeine se belange. Maar Jesus loop die pad wat God aangedui het en deur alles is God se wil juis besig om te geskied!

In verse 33 tot 40 probeer Pilatus nou agterkom wat Jesus se agenda is, sodat hy sy besluit ten gunste van die Romeinse ryk kan neem. Hy moes iewers hoor dat Jesus moontlik 'n soort koning van die Jode is. Miskien het van sy onderdane hom vertel hoe die mense hom as koning vereer het met die intog in Jerusalem. Of dalk het van die Jode hom vertel dat Jesus hom so voordoen. Iemand wat hulself voordoen as die koning van die Jode kan natuurlik die Romeinse gesag uitdaag en dit sou 'n rede wees om hom te laat kruisig. Maar Jesus antwoord sy vraag met nog 'n vraag sodat Pilatus kan agterkom dat Jesus 'n ander soort koning is.

- Wat sê Jesus oor die aard van sy koninskap in vers 37? Op watter manier oefen Hy mag uit in die wêreld en hoe is dit anders as aardse Koninkryke?

# Paastyd 2025

Pilatus hoor wat Jesus sê en gee erkenning aan sy onskuld. Daardeur probeer hy homself ook van twee kante af beskerm deur te sorg dat die Jode nie vir hom of die owerheid verantwoordelik kan hou vir Jesus se kruisiging nie. Tog besluit hy om ten spyte van die waarheid hom aan die wil van die Joodse leierskap uit te lewer. Jesus sou gekruisig word in die plek van Barabbas, 'n man wat deur die ander evangelies beskryf word as nie net 'n misdadiger nie, maar as iemand wat tydens politieke opstande 'n moord gepleeg het. En so kom die ironie van die gedeelte die volle sirkel waar die Romeinse reg en politiekery ook geen ware geregtigheid bring nie. 'n Werklike misdadiger word vrygelaat sodat iemand wat deur Pilatus self as onskuldig verklaar is in sy plek gekruisig moet word! Maar Jesus laat só die Waarheid seëvier en deur sy bloed word ware geregtigheid bewerk!

**Môre gebruik ons saam die Nagmaal as die nuwe Pasga-ete met Jesus as die Paaslam.**